Union High School

STIGTINGSDATUM: 1922
LEUSE: VERITAS FIDELITAS IUSTITIA (WAARHEID TROU GEREGTIGHEID)
ADRES: PLASKETSTRAAT, GRAAFF-REINET
WWW.UNIONSCHOOLS.CO.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

In die vroeë jare 1900 was Graaff-Reinet grotendeels 'n Afrikaanse gemeenskap met min Engelssprende inwoners. In 1918, agt jaar na die stigting van die Unie van Suid-Afrika, is 'n petisie ingedien vir die stigting van 'n Engels-medium-skool in die Middellande.

Die inwoners het geld gewaarborg en die skool het in die Anglikaanse Kerksaal in Somersetstraat begin. In 1921 het die skool na 'n nuwe terrein verskuif. Dit het al hoe groter geword totdat dit in 1926 weer verskuif het. In 1963 het die skool sy huidige ruim terrein beset met 'n leerlingtal van meer as 600. Graaff-Reinet lok baie toeriste. Daar is talle monumente (die meeste in die land), die Vallei van Verlatenheid en die Uilhuis op Nieu-Bethesda. Maar Union High se mooi geboue is ook 'n besoek werd – verkieslik op 'n Saterdagoggend in die winter om te deel in die opwinding en atmosfeer van 'n tradisionele derby.

Rugby by Union

Union High het byna reg van die begin af rugby gespeel. Die eerste wedstryd op rekord was teen Aberdeen in 1922. In dieselfde jaar het Union ook vir die eerste keer teen sy buurman, Volkskool, gespeel. Die uitslag was gelykop met 0-0. Kikuyu-gras is in 1926 geplant, en in 1928 is die hoofveld, wat later die Puttick-veld genoem sou word, voltooi. Dit heet na die skool se eerste hoof. Vervoer na Cradock en ander omliggende dorpe was agterop 'n lorrie sonder sitplekke. Dit was pynlik stadig en die seuns het soms afgeklim en langs die voertuig gehardloop. Ted Slater, broer van die Springbok en Kingswood-hoof, Jack Slater, het baie gedoen om rugby by Union High te vestig. So ook Lobbie Laubscher, wat van 1924 tot 1934 afgerig het. Hoewel hul bure, Volkskool, indertyd groter was, was die derbies tussen die twee skole intens. Daar is berig dat 'n "ingevoerde" skeidsregter ná een van die vroeë derbies na die nabygeleë Kendrew gelei moes word om sy trein te haal. Union High het Volkskool vir die eerste keer in 1931 geklop. In hierdie dekade het Louis Treadway en Viccie Brummer albei vyf jaar vir die 1ste-span gespeel. Treadway was drie seisoene kaptein, en Brummer vir twee. In 1939 is 'n koshuis, dikwels die ruggraat van 'n skool se rugby, gebou. Dit het die leerlingtal 'n hupstoot gegee.

Chum Osche, die grootse vleuel van die jare vyftig wat vir sy lang kortbroeke bekend was, het in die jare veertig vir Union High gespeel. Hy het vir vier verskillende provinsies gespeel en in 1951 saam met die Springbokke na Brittanje getoer. Dié span het Skotland met 44-0 verslaan in 'n tyd toe 'n drie nog drie punte beteken het. Hy sou later op die Hoër Jongenskool Paarl afrig en onderwys gee. Die ewewigtige Herby Abbott was van 1947 tot 1968 hoof. Hy het die skool se geboue en sportgeriewe verbeter. Dis moontlik gemaak deur die voor-spoedgolf van die wolbedryf in die Karoo van 1950 tot die vroeë jare sestig. Die meeste lede van die skool se beheerlig-gaam was vrygewige boere, wat die skool in staat gestel het om nog velde te bekom.



"Een van my blywendste herinneringe aan Union High-rugby is die van hartstog. Die seuns het ongelooflike durf op die veld getoon – dikwels teen 'n groot oormag. En die steun van die toekouers – ouers, leerlinge, oudleerlinge en inwoners van die dorp – was ongelooflik. Hierdie geesdrif is jaar ná jaar aan die dag gelê. En wat die Interskole teen Volkskool betref, het niks ook verander nie. Vir rugby- en hokkiewedstryde word skeidsregters van Port Elizabeth ingevoer!

Groot spangees is gebou op die bustoere na Port Elizabeth, Uitenhage en al die Karoodorpe. Uitgeholde brood met aartappelskyfies was die seuns se geliefkoosde kos. Ek en Richard is nou albei by SACS en ons lag nog steeds as ons terugdink aan die voorvalle. Ek het byvoorbeeld die bus by Bloemfontein probeer omdraai, maar in 'n sloot beland! Niemand was juis in hul skik toe hulle om twee-uur die nag klippe onder die agterwiele moes pak nie."

— John Wegerhoff
(1ste-span breier: 1974-1979)

James Munnik, oftewel "Puggy," het in hierdie stadium by Union High opgedaag. Hy het Oostelike Provinsie rugby gespeel en was 1950 tot 1973 breier by die skool. Die span van 1969 was moontlik die beste span wat hy afgerig het. Hulle het hul hul eerste (en enigste) wedstryd teen St Andrew's verloor, maar daardie jaar met rekordtellings teen Grey High, Marlow, Graeme en Kingswood gewen. Altesame tien Union High-spelers is vir die Noordoos-Kaaplandse Cravenweekspan gekies, wat in die finale wedstryd teen Griekwaland-Wes te staan gekom het – 'n aanduiding dat die keurders hulle as een van die beste spanne beskou het. Noordoos-Kaapland het oortuigend gewen. In daardie jaar is ook besluit om die Interskole teen Volkskool 'n eenmalige geleentheid per jaar te maak. Voorheen het die skole twee keer per jaar kragte gemeet. Die rede daarvoor is dat weeromwedstryde in "griefbotsings" ontaard het, en omdat die tweede wedstryd selde so goed soos die eerste was. In 1970 is hierdie interskolewedstryd weens 'n griepepidemie gekanselleer. Die volgende jaar het 'n wolkbreuk op die Woensdag gedreig om die Saterdag se wedstryd te kelder. Wedstryde is destyds altyd op die skool se hoofveld beslis, maar weens 'n gebrek aan ruimte het die seniors op die laer veld, die sogenaamde Botanics, gespeel. Dit was 'n verstandige besluit. In die verlede het toeskouers reeds Donderdae hul motors buite die skool se hekke geparkeer om goeie plek te kry.

Jong seuns neig om hul ouer broers se voetspore te volg, maar die agt broers Prinsloo wat van 1953 tot 1973 deur Puggie afgerig is, was 'n rekord onder breiers. Al agt het rugbykleure verwerf. Die magtige Queen's College, wat in die jare sewentig die ewe magtige Grey Kollege van Bloemfontein ondergesit het, het in 1975 teen Union High verloor. Die telling was 26-4, een van die skool se heugelikste seges. Union High het talle lang bestaande derbies. Die wedstryde teen Gill wat in 1929 vir die eerste keer gespeel is, Muir (1933), Middelburg (1933), Pearson (1935) en Cradock High School (1936) is almal hoog op die ranglys. KES is in die jare vyftig aangetree en 'n gereelde derby oor verskeie dekades het gevolg. Union High speel sedert 1948 gereeld teen Grey High School van Port Elizabeth, asook teen die Grahamstadse skole nadat hy in 1952 na die dorp getoer het. Union se grootse opponent is egter die Hoër Volkskool op Graaff-Reinet. Dié interskole is 'n feestelike en dramatiese okkasie. Daar is rasies, trompoppies en orkeste. Ander wedstryde gebeur net, maar hierdie is 'n gebeurtenis.

Union High bied jaarliks 'n toernooi aan waaraan baie bekende skole deelneem. Die skool het talle groot spelers, breiers en administrateurs aan die spel gelewer. Peter Booysen, wat drie jaar vir die 1ste span gespeel het voordat hy in 1948 sy skoolloopbaan op Kingswood voltooi het, was voorsitter van die Natalse Rugbyunie en 'n uitvoerende lid van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad. Hy was ook vise-rektor van Natal-Universiteit. St Elmo Wilken het vir vyf provinsies gespeel en was by die Springbokproewe van 1949. Fred Rubidge, Tom Spence, Henning Smit en Doorn Nel was ook by Springbokproewe. Chumani Booi, wat 'n post-matriek by Dale gedoen het, het in 2004 Super 14-rugby gespeel. Gordon Gilfillan het in 2003 vir SA o.19 slot gespeel. John Wegerhoff het 'n uitstekende geskiedenis van rugby by Union High geskryf.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Chum Ochse